Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 25/6/2021

PERSONEELSAKE

Die Wonnies groet meneer Wian van Niekerk. Mnr. van Niekerk gaan oorsee werk. Ons beste wense vergesel hom.

SKOOL GESLUIT: 28 JUNIE

Die personeel van ons skool is, volgens die departementele rooster, ingedeel om op 28 Junie 2021 hul Covid-inentings te ontvang. Ten einde dit moontlik te maak, sal die skool op 28 Junie gesluit wees.

NB: Die toetse van 28 Junie 2021 skuif na Woensdag, 30 Junie 2021. Die toetsreeks word dus met een dag verleng.

GEWONE SKOOLDAE: 1 JULIE – 9 JULIE

Dit het onder ons aandag gekom dat ouers en leerders onder die wanindruk verkeer, dat die skool na afloop van die toetsreeks gesluit is. Dit is nie waar nie! Dit is inteendeel uiters belangrik dat leerders terugkeer skool toe ten einde te sien wat hul prestasie in die toetse is, watter foute begaan is en om hul punte te kontroleer. Volgens elke vak se beplanning is daar ook nog kwartaalwerk wat voltooi moet word én assesserings in sekere vakke wat afgehandel moet word. Leerders wat dus in die tyd, sonder die nodige dokumentasie, afwesig is, sal as stokkiesdraai gesien word.

HANTERING VAN LEERDERS WAT AFWESIG IS

Ten spyte van verskeie nuusbriewe, SMS'e en e-posse is daar steeds ouers en leerders wat nie die korrekte stappe volg wanneer 'n leerder afwesig is nie. Dit word dus wéér geplaas:

1. Die ouers moet die oggend van die afwesigheid die skool kontak. U kan 'n e-pos stuur na admin@wonnies.co.za.
2. Indien die ouer reeds bewus is daarvan dat die leerder afwesig is weens Covid of Covid-verwante aspekte, geld die volgende:

- **ISOLASIE INLIGTING VERSLAG:** Voltooi die verslag (verkrygbaar op die webwerf by www.wonnies.co.za en stuur die verslag tesame met die dokumente, soos gevra op die verslag, na admin@wonnies.co.za.
- **LEERDERS WAT COVID POSITIEF EN SIEK IS**: Die leerders isoleer volgens die datums op die Isolasie Inligting Verslag aangedui. Die leerder moet na die isolasie self deur die Google Classroom kontak maak (per e-pos) met die onderwysers om reëlings te tref om toetse in te haal. Dit kan egter net gebeur as alle dokumentasie soos gevra op die Isolasie Inligtings Verslag ingedien is.

- **LEERDERS IS COVID POSITIEF MAAR ASIMPTOMATIES EN NIE SIEK NIE**: Die leerders isoleer volgens die datums op die Isolasie Inligting Verslag. Die leerder moet self deur die Google Classroom kontak maak (per e-pos) met die onderwysers om reëlings te tref om toetse in te haal. Alhoewel die leerders isoleer kan die toetse aanlyn geskryf word op dieselfde datum en tyd as wat die ander leerders skryf.
- **LEERDERS IS SLEGS IN ISOLASIE EN NIE SIEK NIE**: Die leerders isoleer volgens die datums op die Isolasie Inligting Verslag. Die leerder moet self deur die Google Classroom kontak maak (per e-pos) met die onderwysers om reëlings te tref om toetse aanlyn **op dieselfde datum en tyd** as wat die ander leerders skryf, af te handel.

TOETSPUNTE:

Leerders se toetspunte word op die D6-stelsel gelaai, sodra die modereringsproses afgehandel is. U as ouer sal dan, wanneer die stelsel oopgemaak word, die leerder se punte kan sien.

Vergewis u asseblief van u kind se punte. Daar is werklik leerders wat skitterende uitslae behaal, terwyl ander nie hard genoeg werk nie. Dit is egter nou eers Junie-maand en enige leerder wat wil, kan nog, ten spyte van swak punte, 'n verskil maak.

Ons doelwit is beslis dat elke Wonnie goed sal slaag.

D6-TOEPASSING

Dit bly 'n bekommernis dat ouers nie geregistreer is op die D6-stelsel nie. Hier kry u toegang tot u kind se akademie, dissipline en nuusgebeure. Besoek gerus die webwerf by www.wonnies.co.za en laai die toepassing af.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID